betreklike sterk klank na die bandopnemer gevoer, wat beteken dat die bandopnemer deurgaans naby sy maksimum werk, in terme vanm my vorige verduideliking sal ek sê deurgaans in die omgewing van 90 en 100 desibel. In die geval van die Huhudi band waar daar ŉ direkte mikrofoonverbinding was met ŉ eksterne mikrofoon wat nie baie naby aan die spreker was nie, dit is duidelik uit die ego's wat ŉ mens hoor op die opname, daar sou ŉ mens verwag dat jy ŉ situasie kry waar die bandmasjien normaalweg by ŉ heelwat laer vlak werk van ongeveer tussen 70 en 80 desibel. Outomatiese winsbeheer is normaalweg sodanig dat dit nie ŉ perfekte beheer uitoefen op die sterkte van die klank nie, sodat klank van 70 desibel swakker na die bandmasjien gevoer word as klank van 80 desibel, maar nie met die verskil van 10 desibel nie, miskien met die verskil van 1 0f 2 desibel. Soortgelyk sal klank by 100 desibel heelwat sterker by die band masjien ingevoer word as klank in die omgewing van 80 desibel en alhoewel die klank met ŉ faktor verskil het wat ooreenstem met 20 desibel sou die bandmasjien se toename in sein wat geregistreer word miskien ooreenstem met ongeveer 6 desibel. So, die outomatiese winsbeheer die toename van klank, maar hy elimineer dit nie heeltemal nie. So, ŉ mens verwag dat as daar gedurig sterk klank ingevoer word na die bandmasjien dat die bandmasjien dit wel effens hoër sal opneem as klank wat tussen 70 en 80 desibel ingevoer is. Ek kan net byvoeg dat ek in my jare se ondervinding met spraak by verskeie geleenthede in diepte navorsing gedoen het oor die werking van outomatiese winsbeheer en ek is dus baie bekend met die manier waarop winsbeheer werk in verskillende gevalle. Vervolgens wil ek byvoeg dat op die bandmasjien wat ek gisteraand gebruik het om die

klankvlak/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

klankvlak op die Huhudi band na te gaan, het ek gevind dat die rooi liggie wat aandui dat voldoende sterkte opname gemaak was op die band gedurig aangekom het. Die eerste rooi liggie gaan aan op 0 desibel en die volgende een op plus 3 desibel. Albei daardie liggies het dikwels aangekom wat aandui dat daar wel ŉ voldoende sterk opname gemaak was op die band, maar dit is normaal om te verwag dat indien die sein nog sterker sou wees, dat nog sterker sein opgeneem sou word volgens die bandopnemer, sodat die effek van verskille in vlak tussen die twee opnames ŉ geheel natuurlike situasie is

I just want to understand the fact that these lights came on. Does that mean that you were having sound more than 3 decibels or what? -- Nee, die 0 desibel punt op ŉ band-masjien stem ooreen met wat normaalweg beskou word as maksimum

K445 opnamevlak sonder vervorming, sonder distorsie vir normale tipe band.

And the 3 decibel? -- Plus 3 desibel beteken dit 3 desibel bokant daardie punt wat nog altyd goed opgeneem word, maar met ŉ klein mate van vervorming wat op spraak normaalweg nie hoorbaar sal wees nie.

Does that mean that the sound level was high on this tape recording? -- Dit beteken dat die klankvlak op hierdie opname ooreenstem met wat ŉ bandmasjien sou opneem wanneer hy die klank teen redelike vol volume opneem, maar dit is steeds nog ŉ klein bietjie minder as dit wat opgeneem is vir die Krisch Rabillal opname. My mening is nie dat die gemid-delde verskil soveel as 6 desibel of meer is nie, maar dat dit effens minder as 6 desibel gemiddeld is. Dit is natuurlik moeilik om presiese syfers aan te dui by variërende

seinsterktes/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

seinsterktes. Verder wil ek net by sê dat sover dit die outomatiese winsbeheer aangaan waarvan die werking duidelik gehoor kan word in hierdie opname en waarvan daar gehoor kan word dat dit betreklik vinnig werk, kan ek sê dat ek al met verskeie bandmasjiene te doen gehad het waarvan die winsbeheer nog heelwat vinniger reageer as dit wat in hierdie geval geld, maar dat ek ook met bandmasjiene gewerk het waarvan die winsbeheer baie stadiger reageer as dit wat in hierdie geval geld.

Finally I just want to put to you - does the bad quality of the recording itself provide an indication that this recording might not be an original one? -- Die kwaliteit van die opname is daar niks mee verkeerd nie. Die kwaliteit van die klank soos opgeneem is goed, maar daar is 'n aansienlike hoeveelheid lastige eggo's by op die opname wat maak dat die spraak verstaanbaarheid nie so goed soos wat 'n mens graag sou wou hê nie, maar dit sê niks dat die kwaliteit nie goed is nie. Die mikrofoon en die bandmasjien het dus goed gewerk, maar die mikrofoon was te ver weg van die spreker af.

And there are obviously a number of applauses, bang, clicks, clanks, microphone noises etc. on this recording as well? -- Dit is korrek.

And just to generalise these questions for the tapes we have not dealt with so that I do not have to go through them again and those that we have not dealt with, are <u>EXHIBIT 1</u> which is the TIC ...(Court intervenes)

<u>COURT</u> : 1 is not the TIC.

<u>MR YACOOB</u> : <u>EXHIBIT 1</u> is the national launch and <u>EXHIBIT 14</u> which is the TIC. Can you answer these questions please

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in relation to EXHIBIT 7 - sorry, I am really getting confused EXHIBIT 12 we are dealing with now, EXHIBIT 1 and EXHIBIT 14 together. I expect the answer would probably be the same. EXHIBIT 1 falls in a different category. We are just dealing with EXHIBITS 12 and 14 now.

COURT : For clarity sake. The one is the TIC and the other one is the Huhudi meeting?

MR YACOOB : Yes. Do you agree that in respect of both those tapes, that is 12 and 14 that we are talking about, there are these characteristics that I have named? -- Ja, dit kom voor op enige van die soort opnames. Dit is ŉ standaard eienskap.

I want to put it to you that again even in these tapes it is that sort of thing which provides scope , if I can put it that way for undetectable editing? -- Ja, dit is nou die kwessie van dat ŉ mens, as jy na die tyd wysigings wil aanbring in ŉ opname deur "edits" te maak, dat jy dan die plekke uitsoek waar in ieder geval stampgeluide of klapgeluide of klikgeluide is en dit so probeer reël dat jou oorgangspunte van een deel van die opname na ŉ ander op die plek waar die "edit" voorkom, dat jy dit so na as moontlik laat saamval met daardie normale geluide. Ek wil tog net sê dat dit, volgens my mening, slegs ŉ persoon is wat ŉ deskundige is in die maak van sulke wysigings aan bandopnames, sulke redigering om byvoorbeeld probleme uit te skakel, soos waar ŉ person gehoes het en so aan. Dit is net so ŉ persoon wat bewus daarvan sal wees en moeite sal doen om te sorg dat sy redigeringspunte juis saamval met sulke punte en dat ek nie sou verwag dat ŉ non-professionele persoon eers daaraan sal dink om sulke punte uit te soek nie.

Or/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Or a person who has reasonable skill and intelligence, common sense and is interested in the sound area as well? -- Nie sonder dat hy ondervinding het nie. Dit moet 'n persoon wees met 'n aansienlike hoeveelheid ondervinding.

I want to suggest to you that that experience need not be a particularly long or particularly torturous one. It will be fairly easy to learn about these things and apply them. -- Slegs indien 'n mens geleer word deur 'n deskundige.

I suggest to you that these are the sort of thing about which you can learn by yourself as well. Lots of people would be self taught in this art. -- Ja, dit aanvaar ek, maar dan sal dit oor 'n kwessie van jare wees waarin ondervinding opgehou word.

Also I want to put to you that in relation to both these tapes it is possible that there is an edit that you did not pick up? -- Dit is voorheen deur my gesê dat die moontlikheid dat daar dinge gedoen kon gewees het aan 'n band bestaan, maar dat ek sou verwag dat indien dit wel plaasgevind het, ek wel een of ander tekens daarvan sou gevind het.

Our position is that as far as EXHIBIT 12 is concerned we say we do not know whether it is an original or a copy, we think it might be a copy ... (Court intervenes)

COURT : That is now Huhudi?

MR YACOOB : That is Huhudi and we cannot say with the time available to us whether - we cannot say for certain that we have been able to pick up every oddity and that we have not missed a careful edit. -- Ja, in teenstelling daarmee kan ek sê dat ek wel daardie bande deeglik nagegaan het en dat ek definitief geen tekens gevind het dat dit dalk nie

'n/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ŉ oorspronklike is nie of dat daar dalk op een of ander manier gepeuter is met die opname.

As far as EXHIBIT 14(1) and 14(2) is concerned, this is one of the tapes which we have not investigated at all, because of the lack of time and My Lord, for the record, we may well be forced into certain positions later, but for the present, for what it is worth, I place on record that although we have not had the time to go through is, we do not want it at this stage to be taken as a concession that the report is correct as far as EXHIBIT 14(1) and 14(2) is concerned. And because we have not gone through the tape and did not have the time to investigate it at all, we can make no comment about it at this stage. Against that background I want to turn very quickly to the last tape we have to deal with and that is EXHIBIT 1. Your report in relation to that is EXHIBIT ABD(5) and your detailed analysis is ABD(6)1. Is it correct that if one reads your report as a whole, EXHIBIT 1 is obviously not an original recording? Would that be a fair inference to draw?

COURT : Are you putting it in toto, because we have got a lot of sub-sections of 1.

MR YACOOB : Yes.

COURT : In toto it is not a copy?

MR YACOOB : No, no, not a copy ... (Court intervenes)

COURT : Are you saying that all the portions of 1 are copies? Or are you saying that some of the portions 1 are obviously copies?

MR YACOOB : I am saying that all the portions of 1 are obviously copies. -- Nee, sover kan ek nie gaan nie.

How far as you prepared to go? -- Ek het wel gevind

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dat sekere dele van die sewe bande van BEWYSSTUK 1 her- opnames bevat. So, daar is dele wat definitief heropnames is en dan is daar nog ek dink een geval, ek praat van geheue waar van die ander wat nie heropnames is nie, opname bo-oor ŉ vorige opname bevat wat duidelik doelbewus na die tyd daar op geplaas is, maar ek kon nie aanduidings vind dat al die bande heropnames is nie.

I will tell you in what sense I have put this to you. Suppose that one had an original continuous recording of let us say a conference or a meeting, what one would get is a person will put in tape 1, turn it around, record on side 2 of that tape and so on and so on in a continuous fashion. Once you get to the situation where some parts of the tapes are at least repeats, then you have got the problem that you cannot say at all that what happens here was that there was a continuous recording which is put up and therefore the possibility that these are not original recordings become particularly strong. In fact I would suggest that it almost necessarily follows that that is so unless one has a situation where on a careful examination of the tapes one can say this is a copy, this is an original because A, B and C, but you cannot say it is an original because you do not know where it is supposed to start more or less and where it is supposed to finish more or less. There is a total absence of continuity. Putting it on the basis that once you get the situation where there is obviously a measure of editing and such a measure of editing that it amounts to duplication, that the series cannot actually amount to a series and that you cannot really say that any of those are originals. -- Ek het ŉ

paar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

paar besware teen die argument en een van hulle wat genoem is, die sogenaamde afwesigheid van kontinuïteit, is in sekere opsigte juis 'n aanduiding dat dit oorspronklike opnames kan wees. Die veronderstelling wat hier gemaak is dat daar 'n ander oorspronklike en kontinue opname was, en dat van daardie af hierdie bande voorberei is as her-opnames, kan ek glad nie aanvaar nie omrede dat enigiemand wat doelbewus heropnames maak vanaf 'n kontinue oorspronklike op kassette sal sorg dat op elke plek waar hy die kasset moet omdraai of 'n nuwe kasset moet insit, sal hy 'n stukkie van die vorige opname herhaal om seker te maak dat die kontinuïteit behoue bly. Wanneer die spesifieke opnames self die oorspronklikes is, dan sal dit in alle gevalle by die omdraai van die kassette of by die oorgang na nuwe kassette so wees dat daar nie kontinuïteit is nie en dit is juis wat in hierdie geval geld. Dus dit is die een aspek. Die ander aspek dat die opnames op hierdie kassette skynbaar deurmekaar is, dui vir my daarop dat die nommering-sisteem by die maak van die oorspronklikes nie deeglik gedoen is nie en dat daar om daardie rede na die tyd pro-bleme ontstaan het om uit te werk wat presies gaan by wat.

That is alright. Let us just take you to your report. I notice that in EXHIBIT 5 - in EXHIBIT ABD(5) which relates to EXHIBIT 5 you did not actually come to any conclusion at all. There is no sort of concluding paragraph as there is in any of the other reports. Does that reflect - the fact that there is no conclusion at the end accurately reflects your own state of mind in relation to this exhibit? -- Die benadering ten opsigte van hierdie sewe bande van BEWYSSTUK 1 was sekerlik anders gewees omrede dit bekend

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was dat hulle bande is waarop daar beslag gelê is en daarom was dit nooit my bedoeling om te probeer om 'n sertifikaat van oorspronklikheid uit te reik ten opsigte van hierdie bande nie, maar slegs om die bande na te gaan en te sien welke verskynsels vind ek op die bande.

So, let us leave it at the level that as far as EXHIBIT 1 is concerned and you must listen carefully, you have not given - you do not give even now any certificate of originality? -- Dit is korrek.

I just want to get to another area and I would like to take you back, please, to matters which we have not covered and which came up a bit later and I would like to go back please to EXHIBIT 6 and your photograph ABD(7)1 in that regard. There is just a little matter that I want to put right. Remember I asked you at some stage to listen for what I call a burst of sound in the right channel. Do you recall that?

HOF : Maar gaan daarmee nie saam (7)3 en (7)4 nie?

MR YACOOB : I think it is (7)2. -- Ja, nou verstaan ek die vraag.

You recall that I asked you to see whether you could find a burst of sound and what you drew to the Court's attention when you came back was that the click that we have been talking about which appears in both channels and which is in fact recorded at ,7 I think it is on that photograph? -- Dit is korrek, ja.

And I forgot to tell you what that burst of sound was that we were talking about. It does actually appear on your photograph. It is on the right-hand channel only and it is between 6 and 7, between your numbers 6 and 7. I

will/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

will tell you how many millimetres from 6 in a moment. It is about 2mm from - it is nearer 1mm away from your point 6 where hopefully you will see something which indicates ... (Court intervenes)

COURT : Where do you start measuring when you start measuring at point 6? Point 6 is quite a wide pulse? -- Miskien om onduidelikheid uit te skakel kan ek net vra, die groot puls by punt 6 het twee dele, ʼn langer een en kort daarna ʼn baie korter een. Is die tweede een die korter een wat van gepraat word?

MR YACOOB : May be the easiest way is if Mr Atkinson can point it out to the witness. He can look at it and mark it in some way or something.

COURT : I think the pointing out can be done on ABD(7)2 but do not mark my ABD(7)2 at this stage. -- Die deel wat aan my uitgewys is, is dit wat ek so pas beskryf het as die tweede deel van die sterk puls by 6. Daar is een langer deel, helder wit en dan kort daarna, baie kort daarna is daar ʼn korter deel wat omtrent net so hoog gaan en dit is daardie tweede korter deel wat nou aan my uitgewys is.

MR YACOOB : I just want to put it to you that if you listen precisely at that point at the right channel with your volume turned up, quite apart from difficulties about definition, you will hear this burst of sound.

COURT : You are saying it is only in the right channel, not in the left channel?

MR YACOOB : No, definitely not in the left channel. I am asked to clarify, definitely not audible in the left channel. I think it would be appropriate to take the adjournment at this stage.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

COURT : Do you want the witness to listen over the adjournment? Or are you just putting it and leaving it?

MR YACOOB : I am putting it and leaving it. If he wants to listen to it and dispute it - I will be making some point of it.

COURT : Well, so far you started off by saying there was a pulse which was only in one channel. Then he came back with photographs (7)3 and (7)4 and indicated that that pulse was in fact in both channels. Now you are referring him to a different pulse.

MR YACOOB : No, no, that is not so. I do not have access to the record now. I referred him specifically to two things. I said to him first immediately before the word "Gentlemen" or immediately before the words "then gentlemen", there is a burst of sound in the right channel. Thereafter a little further on, I did not tell him exactly where at that stage, the record will speak for itself, I said to him there was another sound which I very purposely said I was not going to describe to him at that stage. Then I said to him will you please listen and come back. When he came back we got so caught up with the click and Your Lordship will notice that the click appears if one listens to the recording after the words "then gentlemen" ... (Court intervenes)

COURT : The click is at 7?

MR YACOOB : That is so. It actually occurs at the word before. What actually was that the click that he has ifound was the sound which I had referred tht witness to and which I had in fact refused to describe. I said I am not going to describe to him exactly where that sound is, but it is a little after that, find it. That one he found but thought that that was

a/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

a burst of sound I was talking about and I now want to clarify that that that was not the burst of sound I was talking about and I want to make it quite clear that one was so involved with the click at that stage, that one forgot about the burst.

COURT : Very well, the witness can listen to it if he wants to and give his comments on this.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, nog onder eed

CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB (continued) : Colonel, did you have an opportunity to listen to the sound that we were talking about immediately after the adjournment? -- Nee, ek het nie weer daarna geluister nie, want ek vind dit nie nodig nie. Ek kan die vraag antwoord sonder dat ek weer daarna hoef te luister.

You have already given an answer. Do you regard that as sufficient? -- Ek wil net sê dat die foto ABD(7)2 gemaak is van die klank vanaf die regterkanaal. Ek dink ek het dit al voorheen gesê, maar ek het by gesê dat dieselfde geld vir die linkerkanaal, behalwe dat die sterkte van die puls by die punt aangedui as punt 7 effens verskillend is. Sover dit die puls aangaan wat deur die verdediging aangedui is en wat ek beskryf het as die tweede deel van die puls by punt 6 op hierdie foto, kan ek eerstens sê dat uit my analise op die ossilloskoop het ek gevind dat daardie puls ook voorkom op die linkerkanaal. Ek het gevind dat altwee daardie pulse aangedui by die punt as punt 6 hou verband met die laggeluid en dat dit nie 'n aparte klank is wat daar voorkom nie. Tweedens wil ek sê dat die twee klanke so

naby/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

naby aanmekaar is dat dit moeilik is om hulle te hoor as aparte klanke maar dat hulle deel vorm van een geheel en sonder gesofistikeerde toerusting sal dit nie moontlik wees om die twee klanke apart te kan beskryf nie.

You say that it appears on the oscilloscope on both channels, this sound. Do you accept that it is audible only on one channel or do you think it is audible on both channels? -- Dit sal hoorbaar wees op altwee, maar omdat hulle as een geheel gehoor word, kan ek my voorstel dat wanneer daar by verskillende geleenthede na die twee kanale geluister word, hulle miskien effens op verskillende maniere beskryf kan word.

I want to put it to you that it is not audible on the left hand channel. I want to put it to you further that if one listens reasonably carefully on the right channel it is perfectly clear that this sound is different from the laugh. -- Ek kan dit nie aanvaar nie.

At this stage when I was cross-examining you in relation to EXHIBIT ABD(7)2 you produced the photograph ABD(7)8 which as I understood it was produced in relation to ABD(7)1 with which I had already finished at that stage. Will you just look at the photographs and refresh your memory?

COURT : I wonder whether you have got the right number. ABD(7)8 and (7)7 are on the one page and at the bottom of that page it says "aanskakeling na rekord vir twee band-masjiene." They were put in to demonstrate the effect of a recording switch on a Philips and on a Sony machine.

MR YACOOB : That is so, but my recollection of the evidence is that although at that stage, dealing with ABD(7)2 the photograph ABD(7)8 was put in. There was a deviation in

the/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

the evidence and the photograph ABD(7)8 was actually put in in relation to the beginning of the Claremont tape and the problems there which I dealt with in ABD(7)1.

COURT : Well,I cannot recall it but carry on.

MR YACOOB : If the witness says it is not so, then I will leave it, but my notes make it quite clear that it is so. -- Dit was gedoen - daardie twee foto's ABD(7)7 en (7)8, die primêre doel was om aan te dui dat by die aanskakeling na "record" of opneem, sommige bandmasjiene pulse veroorsaak by beide die opneemkop en die wiskop. Daar was ʼn sekondêre afleiding at gemaak kon word wat in verband gebring is met die verskynsel naby die begin van die Claremont band waar daar ʼn plek is waar die bandmasjien af en weer aangeskakel was.

This would be where the background sound stops and you hear the voice which is said to be that of Frank Chikane? -- Nee, ek is nie seker nie. Ja, dit is korrek.

That was a photograph and I am now talking about ABD(7)8 which demonstrated the position that would exist if you press the record button in first, wait for a while and then holding the record button down on the tape recorder depress the play button so that you properly get in the record mode. Am I right? Is that what ABD(7)8 relates to? -- Dit is heeltemal korrek, ja.

Was the purpose of putting in the photograph to express or to say that this was a possibility, in other words this could have happened at the beginning of the Claremont tape, there is this change over in background noise to what is said to be the speech of Frank Chikane? -- Ja, want op daardie punt op die Claremont band word daar ook gevind

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dat daar klank opgeneem word direk na die punt wanneer die puls kom wat ek sê is die aanskakelpuls deur die opneemkop veroorsaak.

When did you make the photograph ABD(7)8? -- Die foto ABD(7)8 is gemaak gedurende die tyd wat ek hier onder kruisverhoor gestaan het.

Is that when this possibility occurred to you? -- Om dit op dié manier in verband te bring met wat met die Claremont band gebeur, ja. Nie die moontlikheid dat dit is wat met die Claremont band gebeur het nie, maar die moontlikheid om hierdie foto te gebruik om dit ook te kan verwys na wat op die Claremont band gebeur het.

HOF : Ter illustrasie? -- Ter illustrasie, ja.

MR YACOOB : Does the witness say that he does not say that it is possible that that is what happened in the Claremont tape?

COURT : I understood him to say that this photo indicates something that you will also find on the Claremont tape.

MR YACOOB : You say that this photo shows that it could have happened in the Claremont tape at the point mentioned in ABD(7)1? -- Ja.

Do you accept that before you put in this photograph ABD(7)8 we were dealing with ABD(7)1 in some detail? You did not mention this possibility at all? -- Dit is korrek, ja.

Am I right in thinking therefore that the possibility occurred to you that this possibly happened on the tape only afterwards, after you had given evidence about ABD(7)1? -- Ja, ek dink dit is korrek dat ek na ek die foto geneem het besluit het dat die illustrasie in die verband so goed aanpas by wat op die Claremont band gesien word dat dit kan dien

as/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

as ȟ illustrasie van wat moontlik in die Claremont geval kon gebeur het.

HOF : Ons maak ȟ nota beskuldigde nr. 1 is terug.

MR YACOOB : I just want to place on record that our position in relation to EXHIBIT 1 is the same as that which I placed on record in relation to EXHIBITS 14(1) and(2). I would like to go back please to deal with some of the circumstances in relation to EXHIBIT 7 which is the Krisch Rabillal tape. But before I do that, this National Panasonic which was in court, you have looked at it and you know how it operates, do you? How it works? -- Ja.

Do you agree that it is impossible in that machine to press the record button first, wait a while and then the play button? -- Ja, dit is korrek.

To go back to EXHIBIT 7 did you have discussions or consultations with Major Benjamin in relation to the making of EXHIBITS 7(2) and (2)? -- Ja, ek het sekere samesprekings met hom gehad.

These consultations, did they take place at your instance? -- Ja.

Did you make a specific appointment for him and I would imagine that it would have been arranged that he would see you on a particular day at a particular time? I do not expect you to remember the day and the time now? -- Ja, dit was die reëling.

And would you say that from your recollection that you were available when Major Benjamin came to see you after you had arranged to see him on a particular day at a particular time? -- Wat ek kan onthou is dat majoor Benjamin nie betyds opgedaag het vir die samesprekings wat gereël was nie.

Hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Hy het later wel opgedaag terwyl ek besig was met iets anders. Ek het op daardie dag ŉ bietjie met hom gepraat, maar ek het ook ongeveer ŉ week later hier in Delmas met hom gepraat.

Was there an occasion where you made an appointment with him and he came to Pretoria to see you and could not see you at all because you were not available at all to be seen? -- Ek onthou nie daarvan dat dit met majoor Benjamin gebeur het nie, maar ek onthou wel ŉ soortgelyke situasie met kaptein Soms.

I suppose that when you make an appointment you will note them in your diary and you would be available for them? -- ŉ Polisieman se tyd is nie altyd sy eie nie en alhoewel ŉ mens notas maak in jou dagboek gebeur dit dat ŉ mens uitgeroep word na ŉ hofsaak wat jy moet gaan bywoon, waarvan ŉ mens kennis gedra het, in my geval dra ek kennis van baie hofsake wat ek mee te doen het maar waar ek nie noodwendig geroep word vir getuienis nie. So, dit gebeur dikwels dat ek op kort kennisgewing uitgaan na hofsake in die omgewing.

Am I correct in saying that those situations would be so exceptional that you would remember them?

HOF : Dat u uitgeroep word na hofsake? Ek dink as dit na Delmas is, sal hy dit sekerlik onthou.

MR YACOOB : No, not that sort of situation. The situation where as a result of being called out you failed to meet an appointment. That situation. -- In sommige gevalle sal ek dit onthou, maar nie noodwendig altyd nie. Dit gebeur meer dikwels as wat ek sou verkies dat dit sou gebeur. Daarom is dit nie so uitsonderlik dat ek ŉ afspraak maak met iemand en dit dan nie kan nakom nie.

Can you recall the nature of the discussions you

had/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

had with him on the first occasion you saw him?

COURT : Major Benjamin?

MR YACOOB : Major Benjamin. -- Nee, ek kan nie soos ek hier sit onthou presies wat by die eerste geleentheid oor gepraat is en wat met hom by die tweede geleentheid oor gepraat is nie. Ek het 'n standaard prosedure gevolg om met die mense te praat, want ek het verskeie van die mense wat die opnames gemaak het by my gehad en daar was sekere standaard reekse vrae wat ek hulle gevra het. Al wat ek sou kan sê is, ek weet wat die standaard reeks is, maar dat ek presies kan onthou waaroor of spesifiek elke ding waaroor ek met hulle gepraat het of met majoor Benjamin kan ek nie onthou nie.

I would like to ask you a few questions about ABD(3) please. Did you have - before I ask you that. When did you prepare ABD(3)? -- Ongeveer Meimaand 1986.

Did you have in mind the sort of problems which were going to be encountered in this case, the sort of problems you had come across on the tapes, when you made ABD(3) in order to give the Court a representative sample? -- Nee, ek het ABD(3) gemaak as ek reg onthou in hoofsaak voordat ek die analises gedoen het vir hierdie saak. So, dit was gebaseer op vorige ondervinding wat my daartoe gelei het om hierdie ABD(3) voor te berei.

I am going to suggest to the Court in argument that ABD(3) and the photographs attached thereto in particular, bears little resemblance to the sort of photographs that we have seen which showed the problems that were experienced in this particular case and that the fact that it shows such little resemblance,again indicates that you were lacking in system, lacking in scientific process. I just want you

to/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

to comment on that. -- Daar is iets wat ek in my notas sien waarvan ek 'n nota gemaak het, iets wat ek op een of ander stadium net wil noem. Ek het miskien vergeet om dit in hoof te noem. Dit het te doen met die "tags" agter op die bande wat in hierdie saak voor die Hof dien as ek 'n geleentheid kan kry om miskien net iets te sê daaroor.

I think you can point that out to the Court and then I can repeat the qustion. -- Ek wil net noem dat die tyd toe ek die bande gekry het vir analise het ek gevind dat meeste van die bande, dit wil sê die kassetbande se lippies of "tags" wat uitgebreek kan word om te verhoed dat daar 'n opname bo-oor 'n vorige opname gemaak word, nog steeds in hulle was en ek en my assistent, luitenant Joubert, het persoonlik gesit op een stadium en al die lippies wat nog in was uitgebreek. Ek dink daar was van al die kassetbande twee wat reeds uitgebreek was, maar ek kan nie onthou watter twee dit was nie.

I will deal with the tag question first, before I repeat the other question. These would be tags, as I understand it, which would prevent one from ... (Court intervenes)

COURT : The witness has said that.

MR YACOOB : Did you think that that was an important part of your evidence, the fact that you had broken off the tags? -- Nie baie belangrik nie. Ek het dit net genoem om aan te dui dat sover dit die lippies aangaan, daar by meeste van die bande, voordat ek dit ontvang het, gerieflike moontlikheid sou wees om op daardie selfde bande opnames bo-oor 'n vorige opname te maak.

In your experience in the past few years is it correct that you have come across this problem of a recording being

made/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

made over an existing recording very often and this sort of thing being done by accident? -- Ja, ek het dit al dikwels teëgekom.

And would you say that you came across it often over the period of the last four or five years? -- O, nee, dit is iets wat ek al baie lankal mee te doen het of teëgekom het. Dit is iets wat ek van tyd tot tyd teëkom. Ek sal nie sê dit is iets wat ek gereeld teëkom nie, maar van tyd tot tyd.

Would it have been an easy matter for you simply to advise ... (Court intervenes)

COURT : How does that advance this case?

MR YACOOB : It advances this case at the level that I would make the suggestion that it is very strange that policemen involved in recordings do not know that these little things can be taken off to prevent this sort of accident as a stepping stone to the submission that there may not be accidents.

COURT : You can take that one further and say that if a person has the knowledge and intentionally tampers with the tape, he would afterwards break out these little pieces to show that this tape was not tampered with. So, it goes both ways. Next question.

MR YACOOB : It is a matter of degree.

COURT : It is a matter of argument. The witness can take it no further. -- Ek kan miskien tog iets daarop antwoord, naamlik my ondervinding was dat die polisiebeamptes doelbewus nie die lippies uibreek nie, omdat dit standaard prosedure is om bande oor en oor te gebruik.

MR YACOOB : I want to go back to my original question.

I/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

I am going to suggest to the court in argument that ABD(7)3 and in particular the majority of the photographs attached to it bear little resemblance to the kind of problems we have encountered in this case and the photographs we have seen in this case. On that basis I am going to suggest that the way in which ABD(7)3 was prepared demonstrates your lack of system and the fact that you lacked in a proper scientific approach. I would like you to comment on that, please. -- Ek het dit duidelik gemaak ten tye van hoofgetuienis waarom ek BEWYSSTUK ABD(7)3 ingevoeg het en dit is om te demonstreer hoe kragtig die ossilloskooptegniek is wat ek gebruik en hoe veel inligting ŉ mens daaruit kan haal. Dit is dus in die sin om my kundigheid aan te toon en my vermoë aan te toon en dit was nooit bedoel op enige stadium nie, ek het dit nooit gesê nie, ek sê dit nou ook nie, dat daardie foto's ŉ direkte verband hou met die bewysstukke in hierdie saak nie. Sover dit die afleiding aangaan dat dit op enige manier kan wys na ŉ gebrek aan wetenskaplikheid of sistematiek by my, ek vind dit nie eers die moeite werd om daarop te antwoord nie.

You have given us examples of photographs attached to ABD(3) which represent the end of a process of recording over an existing recording. -- Ja, dit is korrek.

You have not given us the beginning. Why is that? -- Ek het dit reeds gesê vroeër in my kruisverhoor, maar ek sal dit weer herhaal. Ek het gesê dat ek slegs dinge ingesit het wat konsekwent is, dinge wat by herhaling dieselfde patroon gee. Ek het gevind dat met daardie spesifieke bandmasjien onder dié omstandighede die beginpunt nie ŉ herhaalbare patroon gee nie en daarom het ek dit nie ingevoeg

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Kolonel, net in aansluiting by die laaste wat aan u gestel is, sê vir ons - kan u vir ons net sê oor die algemeen het ons nou baie gehoor van pulse en die ossilloskoop, oor al die ossilloskooppulse deur die bandmasjien veroorsaak, is dit betroubaar en bruikbaar om vas te stel wat op 'n band aangegaan het? -- Ja. Ek het nou al baie jare se ondervinding in die analise van bandopnames op ossilloskope en ek het gevind dat daar sekere verskynsels is wat wel herhaalbaar is en ek het 'n selfneergelegde beginsel dat wanneer ek analises doen van 'n bandopname en ek het nie die oorspronklike bandopnemer waarmee vergelykings gemaak kan word nie, dan maak ek nie gevolgtrekkings op grond van pulse wat ek waarneem nie,tensy dit in die een geval meer as een keer voorkom en dus duidelik herhaalbaar is of in die tweede geval sekere eienskappe bevat wat konstant bly vir alle bandopnemers, soos byvoorbeeld die ongeveer 0,5 sekondes tussen opneem en speelkop se effek. Ander pulse wat ek nie kan verklaar nie, kan ek ook nie gebruik om gevolgtrekkings op te baseer nie, maar ek het gevind dat na die jare se ondervinding daar maar bitter min pulse op 'n band is wat ek nie kan inpas by bekende verskynsels nie.

Dan net een aspek wat vir my nog 'n bietjie in die lug hang dat die verdediging het verwys na BEWYSSTUK 32 hier en dan gesê daar is 'n opuls wat hulle waarneem daar op en aangedui tussen die aankondiging wat dan op foto ABD(3) en die klank vir daardie foto. Is daar so 'n puls? Ek kan nie onthou of dit ooit opgeklaar is nie?

HOF : Stadig nou net 'n bietjie. ABD(3) is nie 'n foto nie.

ABD(3)/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ABD(3) het foto's in. Verwys u na een van daardie foto's? Ek twyfel want dit is ter illustrasie aangeheg.

MNR. JACOBS : Foto 6 op ABD(3).

HOF : Wat is die vraag? U sê die verdediging het ʼn puls uitgewys of gesê daar is ʼn puls op BEWYSSTUK 32.

MNR. JACOBS : Ja, net daar in die omgewing waar die aankondiging is en wat dan gaan oor foto ABD(3) foto 6. -- Ja, daar was duidelik gestel dat tussen die punt waar foto 6 aangekondig word op die band, dit wil sê op BEWYSSTUK 32 en die punt waar die klank van - die klank waarvan foto 6 gemaak is verskyn, dat daar ʼn puls is en dat dié puls ʼn aanduiding sou wees dat bandmasjiene vreeslik wisselvallig is ten opsigte van wanneer hulle pulse maak en wanneer hulle nie pulse maak nie en dit is aangesien die verdediging gesê het hulle kan nêrens anders op BEWYSSTUK 32 pulse hoor nie, behalwe op daardie een plek. Ek het geleentheid gehad om daardie deel van die band weer deeglik te ondersoek tussen die aankondiging van foto 6 en die klank vir foto 6 en gevind dat daar absoluut geen puls op daardie punt teenwoordig is nie. Ek het wel gevind dat die klank wat saamgaan met foto 6 baie skielik begin op die opname en wanneer klank so skielik begin, dan klink dit vir die oor asof daar ʼn klikgeluid of ʼn puls teenwoordig is terwyl daar in werklikheid geen teenwoordig is nie.

Dan wil ek nog net een vraag vra. Ons het nou heelwat gehoor wat u in hierdie aantal dae wat u hier gestaan het getuig het. Kan u vir ons sê kon u enige tekens hoegenaamd vind dat enige van hierdie bande, en ek gaan die woord vervals spesifiek gebruik - om aan te dui dat daar doelbewus gepeuter is met hierdie bande om getuienis vals voorgelê te laat

word/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

word in hierdie hof? -- In my antwoord nou sluit ek spesifiek BEWYSSTUK 1 se sewe bande uit, met ander woorde dié wat te doen het met die National UDF Launch. Sover dit al die ander bandopnames aangaan sê ek dat ek hou steeds dat ek hou steeds by my oorspronklike mening en ten spyte daarvan dat ek nou weer sekere dele deeglik nagegaan het gedurende kruisondervraging en sommige addisionele foto's geneem het, is dit my mening dat die bande op geen manier sogenaamd vervals is nie. Daar is weliswaar plekke waar dit duidelik is dat daar 'n stukkie opname bo-oor 'n vorige opname is en op hierdie plekke kan ek sê dat ek geen aanduiding gevind het dat dit dui op doelbewuste verandering van die oorspronklike band nie.

GEEN VERDERE VRAE.

HOF VERDAAG TOT 8 SEPTEMBER 1986.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017